

Inhoud hierdie preek wys die verskil tussen Christus se intrede as Seun van die Vader by die Vader en ons wat vir mekaar voorbidding doen. Dit wys die verskil tussen die gebed in Johannes 17 wat die Here bid wat ons nie kan saambid nie en die gebed wat Hy ons geleer het om te bid, die “Ons Vader”. Christus se intrede laat ons deel in die lewe met God, laat ons aan God behoort en sluit ons in in die bewaring en liefde van God. Ons bewerk niks hiervan in ons voorbidding nie. Christus se gebed in Joh. 17 is ’n binne-gesprek in God met Homself waarin ons hoor wie Hy ons as sy kinders laat wees. Dit gee ons die krag en vrymoedigheid om by Hom vir mekaar voorbidding te doen.

Skriflesing Johannes 17: 1 – 19, 26; Mat. 6: 9 – 13.

Teks Joh. 17: 10 “En alles wat myne is, behoort aan U, en wat aan U behoort is myne, en in hulle is Ek verheerlik.”

Tema Omdat Christus vir ons intree kan ons vir mekaar voorbidding doen

1. Waarna het die Here se dissipels geluister toe hulle na hierdie gebed van die Here geluister het, en waarna luister ons wanneer ons hierdie gebed van die Here lees en hoor?

Die antwoord is opgesluit in die vraag: “Na wie luister ons wie hier bid?”

- Jesus is nie hier ’n gebedsleier nie. Dit is nie ’n gesamentlike gebed van Jesus en sy dissipels nie. Hy het hierdie gebed nie begin met ’n oproep: “Kom ons bid saam nie.” Dit is nie ’n groepsgebed nie.
- Jesus is ook nie hier besig om as geestelike leier vir sy volgelinge tot God te bid nie. Hy is nie besig met voorbidding vir sy volgelinge nie. Dan sou dit ’n gebed tussen ’n mens en God gewees het. Nêrens in hierdie gebed word God aangeroop nie.
- Hierdie gebed is ’n gesprek. Jesus is hier besig om in gesprek te tree as God die Seun met God die Vader. Daarom is hierdie gebed ’n binne-gesprek van God met Homself!

Dit is waarna die dissipels toe en ons nou luister wanneer ons na hierdie gebed luister – ’n binne gesprek van God met God oor ons.

2. Dit is soos wanneer kinders sit en luister na ’n gesprek wat hul ouers met mekaar as man en vrou voer oor die kinders wat sit en luister hoe daar oor hulle gepraat word!

Omdat Christus vir ons intree kan ons vir mekaar voorbidding doen

Dit is soos 'n binnegesprek tussen man en vrou oor hul kinders voor hul kinders!

Hierdie gebed van die Here gaan spesifiek oor hoe God die Vader en God die Seun hul kinders aan hulle liefde toewy! Daarom is hierdie gebed 'n gesprek binne God met Homself as God oor hoe Hy Hom as God toewy in sy liefde aan ons as sy kinders.

Dit is soos kinders wat na 'n ma en pa luister en hoor hoe die ma vir die pa sê dat hulle die kinders vir mekaar gegee het, hoe hulle elkeen die kinders toewy aan die liefde van die ander. Dit is hoe die ma die kinders toewy aan hul pa se liefde en die pa die kinders aan hul ma se liefde toewy. Dit is hoe die pa wil hê sy kinders moet deel in die liefde van hul ma en die ma wil hê dat die kinders moet deel in die liefde van hul pa. Dit is die binne-gesprek van hoe 'n ma haar kinders toewy aan die pa se vaderskap en die pa die kinders toewy aan die ma se moederskap.

Hulle praat van die kinders oor hul gewydheid aan mekaar as man en vrou om pa en ma te wees! En die kinders sit en luister na hierdie binne-gesprek oor hulle!

Hierdie is totaal iets anders as 'n saambid van ouers en kinders of as 'n geestelike leier se gebed vir sy volgelinge tot God. Hierdie is 'n binne-gesprek van God met Homself oor sy kinders, waarna die kinders luister!

3. Wie praat hier met wie?

Dit is God die Seun wat hier praat met God die Vader!

Hoe Jesus die Seun van die Vader is, word openbaar in die woord “verheerlik”. Jesus verklaar dat Hy die Vader op die aarde verheerlik het en vra nou dat die Vader Hom nou by Hom sal verheerlik. Reeds in die inleiding in hoofstuk 1 verklaar Johannes “en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos dié van die enigste Seun van die Vader, vol genade en waarheid.”

Die “heerlikheid” waarmee Christus die Vader op aarde verheerlik en wat die apostels gesien het – is Jesus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding uit die dood uit.

In hoofstuk 20 sien Tomas die heerlijkheid van Christus, wanneer hy sy vinger in die merke van die spykers waarmee die Here gekruisig is steek en sy hand in die sy steek waar hy met die spies gestek is. En wanneer hy hierdie heerlijkheid van Christus sien, dan antwoord Tomas Christus só: “My Here en my God!”

Hy aanbid Jesus Christus as God, sy Skepper, die Woord wat mens geword het en die sondes van sondaars op Homself geneem het. Tomas roep Christus aan as Hy

Omdat Christus vir ons intree kan ons vir mekaar voorbidding doen

wie in die begin daar was, in die begin by God die Vader was en self God was en met Hom wat alles geskep het – Jesus Christus. (Joh. 1: 1 – 3)

Christus openbaar God die Vader as sy Vader en die Vader openbaar Christus as sy Seun, self God!

4. Die Seun wat die Vader verheerlik beteken nie dat Jesus die Vader tot God verklaar of God maak nie. Dat die Vader Jesus verheerlik beteken ook nog minder dat God vir Jesus as mens goddelik maak.

Die Vader en Seun maak mekaar nie God of goddelike nie. Dit is hoe alle afgodsdienste die openbaring van God in die Bybel verwring en verdraai. Hulle glo Jesus het God sy vaderfiguur gemaak en daarom het God Jesus in sy goddelikheid laat deel. Jesus maak God 'n vaderfiguur en God maak Jesus 'n goddelike mens. Dit is afgodsdienste!

Christus openbaar iets totaal anders as hierdie afgodsdienste van 'n verinniging van God en 'n vergoddeliking van 'n mens. God die Vader en God die Seun openbaar mekaar as God – dit is wie en hoe God God is: God die Vader en God die Seun. Die Vader is die bron en oorsprong en sy Seun is die openbaring van alles wie die Vader is, in die skepping van alles en in die menswording, lyding en opstanding van Christus as mens..

Daarom is hierdie gebed nie sommer net 'n mens wat tot God bid nie. Dit is nie hoe Jesus as mens God as sy vader vergeestelik en nog minder hoe God Jesus as mens vergeestelik nie. Dit is 'n binne-gesprek in God self waarin ons sien hoe God in Homself vir ons God is en oor ons in Homself met Homself praat.

Dit is daardie besondere oomblik waar jy as kind op die agtersitplek van die kar lê en luister hoe jou pa en ma met mekaar praat oor jou as hulle kind.

5. Paulus gee in Romeine 8: 27 en 34 'n beskrywing van wat in hierdie gebed van die gebeur: “Hy wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, dat Hy volgens die wil van God vir die heiliges intree.” en “Dit is Hy wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree.”

Hierdie gebed is hoe Christus elke dag besig is om vir ons in te tree.

Dit is presies ook hoe dit in die boek Hebreërs beskrywe word: “Dit is waarom Hy ook volkome in staat is om hulle wat deur om na God toe kom, te verlos – omdat Hy altyd leef om ter wille van hulle in te tree.” (Heb. 7: 25)

In hierdie binne-gesprek van God die Seun met God die Vader hoor ons hoe Christus elke dag vir ons intree as Seun by die Vader. Christus wat vir ons intree is

Omdat Christus vir ons intree kan ons vir mekaar voorbidding doen

alles behalwe om vir ons gebede te bid tot God. Christus rig nie vir ons en namens ons versoeke tot God nie. Dit is nog minder om vir ons te pleit by 'n God wat teenoor ons grimmig, afsydig en kwaad is.

Dit is wat intree in afgodsdienste beteken: God is kwaad en afsydig en Jesus stem Hom weer goed teenoor my soos 'n ma by 'n pa wat kwaad is pleit om sy houding en gesindheid teenoor die kinders te verander!

Die inhoud van hierdie gebed is presies hoe Christus as Seun van God vir ons intree by God die Vader!

6. Intree beteken om vir mekaar te verwek om saam te leef.

Die Vader gee aan die Seun sy kinders om aan hulle die ewige lewe te gee. Die Vader gee sy kinders aan die Seun en die Seun gee aan die Vader se kinders die ewige lewe saam met hul God die Vader. In Joh. 1: 13 noem verkondig Johannes hierdie magsdaad as die daad waaruit Christene uit God gebore word.

Dit is wat intree beteken: wanneer die Vader aan die Seun sy kinders gee en die Seun hulle die ewige lewe gee. So verwek God ons om vir ewig saam met hom sy kinders te wees. Deur so uit God gebore te wees ken kinders van die God God die Vader as hul Vader en God die Seun as hul Here. Dit is hul ewige lewe – om vir altyd God die Vader as jou Vader te ken en te kan liefhê en die seun altyd as Here te kan ken en liefhê.

Dit is weer soos die gesprek tussen 'n man en vrou waarin hulle vir mekaar 'n kind wil gee. Om in te tree vir 'n kind beteken om vir mekaar 'n kind te verwek. Wanneer ons hierdie binne-gesprek van god hoor, hoor ons die gesprek waarin ons as kinders van God verwek is sodat die Vader ons aan sy Seun gee en sy Seun ons die ewige lewe met die Vader en Seun gee.

Dit is mos die besondere van hoe kinders luister hoe hul ouers oor hul praat. Hulle luister na die gesprek van hulle wat hul in en deur hierdie gesprek verwek het om kinders te wees.

7. Intree beteken om vir mekaar te gee om aan mekaar te behoort.

Oor ons as kinders van God stel Jesus “Hulle het aan U behoort, en U het hulle vir My gegee”(17: 6) en ook “En alles wat myne is behoort aan U, en wat aan U behoort is myne, en in hulle is Ek verheerlik.” (17: 10)

U ken mos hierdie manier waarop ouers baie keer met mekaar praat: “Jy moet met jou kind praat!”, “Ek weet nie waar het jy hierdie kind gekry nie!” en “Jy moet nie so maak met my kind nie!”

Omdat Christus vir ons intree kan ons vir mekaar voorbidding doen

Dit is totaal iets anders as werklike ouerskap. Werklike ouerskap klink só: “Jy is my kind se ma en ek is jou kind se pa.” Hulle behoort aan ons, die kind wat joune is, is myne en die kind wat myne is, is joune!

Waar ouers só ouer is weet kinders wat die ma sê kom van pa af en wat pa sê kom van ma af – want ons behoort aan hulle! Nie net aan een nie.

Dit is hoekom die Here kan verklaar dat sy dissipels het die woorde wat God die Vader vir Hom gegee het, aanvaar as die woorde wat van God die Vader kom. Hierdie “woorde” is die Here se woorde oor sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding. Kinders van God aanvaar hierdie dade en woorde as die woorde van God die Vader aan sy Seun. Deur hierdie woorde weet ons ons behoort aan God die Vader en die Seun.

Dit is ons wat ons in hierdie binne-gesprek tussen God die Vader en Seun hoor oor hoe die Vader Christus stuur om ons aan Hom en sy Seun te laat behoort.

8. Intree beteken om as kind van God behoue te bly vir God.

In hierdie binne-gesprek verklaar Christus: “Toe Ek by hulle was, het Ek hulle wat U aan my gegee het, in U Naam bewaar. Ek het hulle ook beskerm; en niemand het verlore gegaan nie.” (17: 12) En dit is presies wat die Vader ook doen. Daarom bid Christus: “Heilige Vader, bewaar hulle wat U aan My gegee het in U Naam.” (17: 11)

Dit is os wat ’n kind hoor wat na sy ouers luister wat oor hom of haar praat! Hoe hulle sorgsaam planne maak dat hulle vir die lewe met en in hul ouers se liefde behoue bly en nie vir ’n lewe met en in hul ouers se liefde verlore kan raak nie.

Dit is wat intree beteken: dit is hoe God binne in Homself sy raadsplan maak en sy voorsienigheid so laat geskied dat ons vir die lewe met die Vader en Seun in die liefde van die Vader en Seun behoue sal bly.

9. Intree beteken om geheilig te wees vir God se liefde.

Christus bid dit só: “Heilig hulle deur die waarheid – u woorde is die waarheid. ... En ter wille van hulle heilig Ek Myself, sodat hulle ook deur die waarheid geheilig kan wees.” (17: 17 en 19)

In vers 26 stel die Here wat beteken dit om heilig te wees: “sodat die liefde waarmee U My liefgehad het in hulle kan wees, en Ek in hulle.”

God die Vader gee sy Seun sodat Christus ons kan insluit in die liefde wat God die Vader vir sy Seun het. God het ons lief met die liefde wat Hy vir Homself het. Dit is

Omdat Christus vir ons intree kan ons vir mekaar voorbidding doen

wat dit beteken m geheilig te wees – God het ons lief met die liefde wat Hy vir Homself het: ons is ingesluit in die liefde van die Vader vir God die Seun.

God het ons lief soos Homself!

Intree beteken nooit die pleit van Christus by 'n afsydige, grimmige en woedende Vader nie. Intree beteken dat die Vader vir ons sy Seun gee sodat die Vader ons kan liefhê met die liefde wat Hy vir sy enigste Seun het, die liefde wat God in Homself vir Homself het.

Dit is mos die diep warmte wat 'n kind voel en lewe gee wanneer hy of sy so agter op die kar se sitplek sit en hoor hoe die ouers oor hulle praat met die liefde wat hulle vir hulle vir mekaar as man en vrou het en hoor dit is met hierdie liefde dat hulle my lief het – die liefde. Die liefde waarmee hulle vir mekaar man en vrou is, is die liefde waarmee hulle vir my pa en ma is.

Ons hoor in die binne-gesprek van die Vader en Seun hoe ons deel is van die liefde wat hulle vir mekaar het. God het my lief met die liefde wat Hy vir Homself het – Ek is vir God geheilig!

10. Christus tree vir ons in. Hy doen nie vir ons voorbidding nie.

Ons raak al meer en meer blootgestel aan mense wat hul self aan ons opdring as mense wat vir ons intree by God! Dit is hoe al die geestelikes hulself sien en aan ons voorhou: hulle is geestelikes wat vir ons intree by God.

Dit doen hulle omdat hulle glo dat Jesus vir hulle hierdie geestelike werk gegee het wat hulle 'n “geestelike bediening” noem. Dit het in Engels al 'n kerklike modewoord geword: intersessie! Geestelike mense wat vir ander mense 'n “intersessie” hou.

Wat is die verskil tussen die Here Jesus wat vir ons intree en ons wat vir mekaar voorbidding doen? Dit is baie eenvoudig. Intree is wat die Here hier in Johannes 17 doen en net Hy so kan doen. Ons kan en mag nie bid soos Jesus hier tot die Vader bid nie. Hy bid hierdie gebed en gee vir ons die “Ons Vader” as die wyse waarop ons vir mekaar voorbidding doen. Net Christus bid die gebed van Johannes 17 sodat ons altyd tot sy Vader as ons Vader kan bid.

11. Dit is net soos die verskil tussen 'n pa en ma wat oor hul kinders praat en kinders wat oor broers en susters met hul pa en ma praat!

Wanneer kinders insit en hoor hoe hul ouers oor hulle as kinders met mekaar praat, hoe hulle verwek is om saam met hul ouers te leef, aan mekaar as ouers gegee is om aan mekaar te behoort, hoe hulle die kinders saam bewaar om vir hul liefde

Omdat Christus vir ons intree kan ons vir mekaar voorbidding doen

behoue te bly en hoe hulle die kinders vir mekaar as ouers heilig in hul liefde, dan praat kinders vrymoedig met hierdie ouers oor hul boeties en sussies.

Hulle vertel van hoe swaar dit met boetie of sussie gaan, waarmee hulle sukkel, voor watter uitdagings hulle staan omdat hulle vir mekaar omgee en weet dat dit net die ouers is wat vir hulle ouers kan wees. Hulle praat oor hul boeties en sussies met hul ouers in die verwagting om ouers te wees soos hulle hoor hulle ouers is.

Wanneer ons die gebed van die Here in Johannes 17 hoor as die binne-gesprek in God tussen God die Vader en God die Seun oor hul kinders, kan ons bid “Ons Vader wat in die hemele is.”

Want met die aanroep “Ons Vader” glo ons ons is ingesluit in Christus se gebed tot die Vader vir ons. Is Sy Vader ons Vader omdat die Seun en Vader ons as kinders van God verwek het om met hulle te leef, aan hulle te behoort, deur hulle bewaar word en ingesluit is die liefde wat die Vader en Seun vir mekaar as God het.

In hierdie geborgenheid dat die Seun vir ons intree by die Vader wat ons vir die Seun gegee het, kan ons dan net vrymoedig vir mekaar by God voorbidding doen. Omdat ons in mekaar se nood, laste, druk en eise deel, kan en wil ons vir mekaar bid tot die God wie ons hoor wie hy in Homself vir ons is.

12. Wanneer word gebed 'n perverse gebed, 'n verwronge aanroep van God waarin mense van God 'n afgod en van hulle self goddelike mense maak?

Dit gebeur wanneer mense nie meer voorbidding vir mekaar doen nie, maar sommige mense hul self só geestelik sien dat hulle vir ander mense begin intree by God. Hulle glo hul word intreders by God, nie voorbidders nie. Dit is hoe geestelikes deesdae “intersessies” hou met God oor ander mense.

Wat is hierdie geestelike perversie wat deur gebed tussen God en mense intree?

Dit gebeur baie keer in huwelike waarin ouers van mekaar as man en vrou vervreem raak! Die ma begin met die seun praat asof hy die man in haar lewe en in die huis is en die pa begin met die dogter praat asof sy die vrou in sy lewe en in die huis is!

Dit is seker die diepste verwrongheid wat in 'n gesin kan intree. Want nou praat en leef 'n pa met 'n dogter en 'n ma met 'n seun asof hulle die ander kinders saam verwek het om saam met hulle te leef, asof die ander kinders aan hierdie kind behoort, asof hierdie kind saam moet sorg vir die ander kinders en asof die ander kinders in hierdie kind die liefde van 'n afwesige pa of ma moet beleef.

In hierdie perversie verdring die een ouer die ander ouer met en deur hierdie kind en vervreem hierdie kind van al die ander asof hy of sy nie meer saam kind kan wees

Omdat Christus vir ons intree kan ons vir mekaar voorbidding doen

nie, maar nog 'n ouerfiguur moet wees vir die afwesige ander ouer. Hierdie perversie kan ook die perversie van 'n kind wees wat die een ouer van die ander wil vervreem deur as alternatiewe man of vrou op te tree en hul self so teenoor die ander kinders as ouerfiguur te verhef.

13. Wat gebeur wanneer geestelikes wie glo hul deel in God se goddelike lewe, krag, wil en Naam, en nie meer vir medebroers en suster voorbidding doen nie, maar vir hulle intree by God?

Dan bid hulle nie meer saam en vir mekaar die “Ons Vader” soos die Here ons geleer het om te bid nie, maar bid hulle vir ander mense die gebed wat die Here Jesus as Seun van die Vader tot God die Vader gerig het in Johannes 17! Hulle word een van die gespreksgenote van die binne-gesprek van God in en met Homself! Hulle is nie meer een van die kinders wat inluister op die Here se binne-gesprek met sy Vader nie!

Dit is hoe geestelikes vandag besig is om vir ons te probeer intree by God en nie meer saam met ons vir mekaar as broers en susters voorbidding te doen nie.

- Hulle glo dat hulle in hulself 'n goddelike lewe gekry het deur 'n wedergeboorte waarin hulle deel van God se goddelikheid gekry het, en dat hulle wanneer hulle vir ons bid, hulle ons kan insluit en laat deel in hierdie goddelike lewe saam met God. So verdring hulle God die Seun uit ons lewe en stel God die Vader teenoor ons as 'n vervreemde Vader wie hulle vir ons naby in ons lewe sal bring.
- Hulle glo dat wanneer ons onself aan hulle geestelike mag sal oorgee, deur ons eie-ek, ons eie-lewe en selfbeheer van ons lewe aan hulle oor te gee en hulle geestelikheid die middelpunt van ons lewe te maak, dat ons dan aan God en hulle sal behoort. Hulle kan ons aan God laat behoort. So maak hulle dat God die Vader nie ons Vader is nie, maar ons eers sal aanneem wanneer ons onself aan hulle geestelikheid sal oorgee. In hulle binne-geestelikheid met God is Christus nie meer die Seun wie vir ons intree nie.
- Hulle glo dat hulle so met God se goddelikheid vervul is dat hulle die “blessings” van God deel van ons lewe maak deur dit met magswoorde oor ons uit te spreek en met dieselfde magswoorde die Bose van ons te kan verdryf. So word hulle vir ons God die Vader vir wie die Seun gevra het om ons in te sluit in sy sorg en seëninge, en ons van die Bose te bewaar. Hulle word vir ons die vaderfigure en maak van God die Vader van die Seun vir ons 'n afwesige Vader.
- Hulle glo dat hulle so een is met die goddelike liefde van God vir Homself dat hulle ander mense in God se liefde kan insluit deur mense in hulle eie

Omdat Christus vir ons intree kan ons vir mekaar voorbidding doen

goddelike liefde in te sluit, wat hulle probeer verchristelik deur dit hul “aghapei-liefde” te noem. So vervreem hulle ons van die liefde wat God die Vader vir God die Seun het en ons by insluit. In hulle liefde moet ons nou God se afwesige liefde ervaar.

Hulle bid vir ander Christus se gebed tot die Vader! Dit is hoe hulle vir jou intree by God en nie meer saam met jou voorbidding doen vir al die ander gelowiges nie. Dit is die perversie van kinders wat vir ’n pa ’n vrou of man word om vir die ander kinders ’n ouerfiguur te wees en nie meer ’n medebroer of suster nie.

Hulle bid nie meer saam met ons as gelowiges tot God nie. Hulle het deel geword van die binne-gesprek in God self met Homself.

14. Wat maak ons voorbidding vir mekaar as broers en susters anders as hierdie geestelikes se intredes by God?

Ons doen voorbidding vir mekaar omdat ons weet dat Christus as Seun vir ons by die Vader intree! Christus se intrede is nie om vir ons gebede tot God te doen nie, maar om vir ons te doen en te bewerk wat God doen. Ons bid vir mekaar omdat Christus ons insluit in ’n lewe met hom en die Vader, ons saam aan Hom en die Vader lat behoort, ons deur Hom en die Vader vir hul liefde behoue bly en ons van Hom en die Vader die liefde ontvang wat hulle vir mekaar het.

Ons bid as kinders wat geborge is in die binne-gesprek wat ons tussen die Vader en Seun hoor en nie omdat ons bemagtig is om saam te praat nie.

Wanneer ons voorbidding doen, is dat omdat ons deel is en voel van die nood, die pyn, die druk en uitdagings van hulle wat saam met ons kinders van God is. Daarom vra ons God om God te wees vir hulle soos ons weet Hy God vir ons is. Ons is nie intreders by God nie. Ons vra. Ons bewerk niks vir mekaar nie.

Wanneer ons voorbidding doen, doen ons dit nie omdat ons weet wat om te doen en te sê vir ons medebroers en susters nie. Ons doen voorbidding juis uit ons hulpeloosheid en magteloosheid maar omdat ons weet dat in die binne-gesprek in God, Hy weet hoe om God te wees vir ons almal: “So kom die Gees ons ook in ons swakheid te hulp, want ons weet nie mooi waarvoor ons behoort te bid nie; maar die Gees tree vir ons in met versugtinge wat nie verwoord kan word nie.” (Rom. 8: 26 Direkte Afrikaanse Vertaling)

Wanneer ons voorbidding doen, bid ons nie wat Christus tot die Vader bid in Johannes 17 nie, maar bid ons alles vir mekaar wat die Here vir ons in die “Ons Vader” gewys het hoe om vir mekaar ook te bid.

Hoekom doen ons so min voorbidding vir mekaar?

Omdat Christus vir ons intree kan ons vir mekaar voorbidding doen

Ek is van mening dat 'n groot deel van hierdie skroom in ons harte is omdat ons al geleer is dat ons vir ander moet intree by God en ons nie die vrymoedigheid het om ons so in die binne-gesprek tussen die Vader en Seun oor ons in te dring nie. Kom ons ontdek weer dat Christus vir ons intree in 'n binne-gesprek met die Vader waar ons net toehoorders is om die geborgenheid as kinders te ontvang. Dan sal ons weer onbevange sonder die las van intrede sommer net weer vir mekaar kan voorbidding doen omdat ons deel in mekaar se lewe as kinders van God.

Dan sal ons voorbidding doen omdat ons in die sekerheid leef ons leef saam, behoort saam, word saam bewaar en ingesluit in die liefde van die Vader en Seun vir mekaar.